Herfsmark

Kuns, Kos & Kuiermark

20 Apr – 1 Mei 2024

INLIGTINGSTUK

Kontakbesonderhede

✉	Posbus 262, Hartbeespoort _0216		082 555 9109
☎	012 253 - 0063		0866 108303
	herfsmark@gmail.com www.herfsmark.co.za		Maraisstraat 33, Schoemansville, Hartbeespoort

Opening en Verwelkoming

Vrydag: 19 April

08:30 – 09:00

Uitpak

Vrydag: 19 April

09:00 – 18:00

Markure:

9:00 – 19:00

Woensdag : 1 Mei

9:00 – 15:00

Sondae gesluit

Oppak

Woensdag : 1 Mei

15:30 - 18:00

Donderdag: 2 Mei

09:00 - 12:00

Registrasie

- **Lees asseblief die inligtingstuk deur voordat jy die registrasievorm voltooi**
- Geen uitstallers sal oorweeg of aanvaar word sonder 'n volledig voltooide en duidelik leesbare registrasievorm nie
- Maak asb seker dat al die velde op die registrasievorm ingevul word. Ons rig 'n vriendelike dog dringende versoek dat die registrasievorms in Excel ingevul word en terug ge-epos word.
- Stel ons asseblief in kennis indien jou kontak- en bankbesonderhede verander het.
- Die **nie-terugbetaalbare** registrasiefooi is betaalbaar **nadat uitstallers se artikels die keuringsproses geslaag het.**
- **n Fooi van R500 word gehef vir elke kragpunt wat benodig word. Indien jy 'n "double adaptor" gebruik sal dit geld vir 2 kragpunte.**

"Wakker Vinkie fooi" Indien voor 20 Maart 2024 betaal is		**"Klaasvakie Fooi" Indien na 20 Maart 2024 betaal is**
R500	Standaard Uitstalruimte (1 x 2m)	R700
R995	Diep Uitstalruimte (2m x 2m)	R1190

Maak asb seker dat jy die regte opsie uitoefen rakende die keuse van jou stalletjie.

- Uitstallers wie se fooi nie teen **31 Maart 2024** ten volle betaal is nie, **sal die Klaasvakie Fooi betaal en dit sal outomaties van jou verkope afgetrek word. Die hoeveelheid stalletjies wat op die registrasievorm aangedui is sal van die verkope afgetrek word.**

- **Bankbesonderhede**:

HARTBEESPOORT HERFSMARK, ABSA BANK, SPAAR REK : REK NO : 9268193648, 632005

- Gebruik asb jou naam **EN** die **HM** nommer wat op jou faktuur verskyn as verwysing: Bv ***HM001 of HM 010.***

Keuring

- Wat kan ek voorlê vir keuring:
  - Enige unieke, handgemaakte items en / of artikels wat nie normaalweg in enige winkel beskikbaar is nie
  - Aangekoopte produkte moet van goeie gehalte wees
- Uitstallers moet 'n voorbeeld van elke item wat tydens die mark aangebied gaan word aan die keuringskomitee voorlê. Niemand word toegelaat om enige ander produk as dié wat vir goedkeuring voorgelê is, te verkoop nie. Let asb daarop dat geen items soos hekse, buddhabeelde of algemeen aanstootlike items oorweeg sal word nie.
- Geen produkte wat Jesus Christus in enige vorm uitbeeld nie
- Keuringsgeleenthede is **20 & 27 JAN en 10 & 17 Feb 2024.** Keuring sal geskied vanaf 09h30 – 12h30. Dui asb op die registrasievorm aan watter datum jou sal pas.
- Na deeglike analises van ons mark die afgelope 10 jaar het ons bevind dat die volgende produkte nie goeie verkope toon nie:
  - Groot en duur skilderye – enige iets bo R500
  - Klere met geestelike boodskappe
- Hoe moet ek dit uitpak:
  - Pryse moet vir keuring op die artikels aangebring wees
  - In die regte verpakking
- Maak seker dat die persoon wat die produkte bring vir keuring al die nodige inligting het

- Die Herfsmarkkomitee hou die reg voor om uitstallers te aanvaar of weg te wys en te besluit watter uitstallers eerste geplaas word.
- Uitstallers sal eers na afloop van die laaste keuringsgeleentheid per **E-pos** in kennis gestel word of die artikels vir die mark gekeur is, al dan nie

UITPAK VAN ARTIKELS

- **Vrydag, 19 April 2024 vanaf 09:00 – 18:00.**
- Stalletjies is 1m x 2m groot (Die grootte van ’n staaltafel) en 2m hoog
- ’n Staalraamwerk waaraan van die produkte gehang kan word vorm die grense van elke stalletjie
- Maak gebruik van die hoogte van die stalletjie, dit gee ’n ekstra 4 m uitstalruimte
- Rakke kan help om die artikels beter ten toon te stel en te verseker dat die volle ruimte benut word
- Indien jy jou eie krag voorsien, maak asb seker dat dit veilig is en geen brandgevaar enigsins inhou nie.
- Uitstallers word versoek om, indien moontlik, hulle eie tafels te bring***. Tafels moet asb baie duidelik gemerk wees. Geen tafels sal die kerkterrein verlaat indien dit nie duidelik gemerk is nie. Tafels kan anders teen R150 per tafel gehuur word.*** (Beperkte hoeveelheid is beskikbaar)
- Geen voorraad wat onder die tafel gestoor word, mag sigbaar wees nie
- Bring staanders, esels, materiaal, spelde..... om die stalletjie te versier,
    - Sit ‘n plakkaat of brosjure by om produkte se gebruik te verduidelik.
    - Let op na netheid en orde in die stalletjie.
    - Tafeldoek moet tot op die grond hang sodat voorraad onder die tafel nie sigbaar is nie
- Maak asb seker produkte wat vir dekor doeleindes uitgestal word duidelik gemerk is : “**NIE TE KOOP/DISPLAY ONLY”**
- Produkte wat afsonderllik geprys is moet asb so uitgestal word dat ‘n kliënt dit nie dalk as een produk (stel) sal wil koop nie
- Hake is teen R10.00 vir 20 by die kantoor te koop
- Maak seker dat die persoon wat die produkte kom uitstal al die nodige inligting het
- Die Herfsmarkkomitee behou die reg voor om enige artikels wat aanstoot gee of vir welke rede ook al onaanvaarbaar is, te verwyder.
- Maak asb seker dat enige skerp produkte soos messe ens, in veilige verpakking is om ongelukke te voorkom.
- Kosprodukte wat aangebied word om te proe, sal in die “Deli” uitgestal word

MERK VAN ARTIKELS, VOORRAADLYS EN STREPIESKODERING

- Die Hartbeespoort Herfsmark maak van ’n strepieskoderingstelsel gebruik
- Elke produk moet ’n strepieskodeplakker op hê.
- Produkte mag *slegs* ***Herfsmark plakkers*** op hê. Maak asb seker dat vorige markte asook vorige jare se Herfsmarkplakkers nie nog op produkte verskyn nie.
    - Maak seker dat die plakkers nie kan afval nie.
    - Maak gebruik van ’n toutjie en karton om plakker op materiaal, hout en staal aan te bring.
- Plakkers mag nie gevou of gebuig wees nie
- Die eerste 100 plakkers is gratis en daarna beloop dit R0.22 per plakker
- Strepieskodeplakkers word gedruk volgens ’n voorraadlys wat deur die uitstallers voorsien – die kode moet **BAIE** duidelik wees en mag geensins ineengedruk (“condense”) wees nie
- Die voorgeskrewe voorraadlys word saam met die brief na die keuring uitgestuur
- Die ***HM nommer MOET*** op die plakker verskyn
- Indien Uitstallers hul eie plakkers druk moet ’n voorbeeld vooraf eers voorgelê word en goedgekeur word

- **Lees asb die instruksies op die voorraadlys**
- Ekstra plakkers van goedgekeurde produkte kan gedurende die mark gedruk word teen R0.22 per plakker
- Produkte wat by die betaalpunt uitkom sonder ’n plakker sal van ’n algemene kode en prys voorsien word. Die uitstaller verbeur dan alle inkomste op die produk of produkte
- **ALLE PRODUKTE** MOET ASB MET **BESKRYWENDE NAME** GELYS WORD SODAT DIT ONS KAN HELP OM PRODUKTE WAT NIE PLAKKERS OP HET NIE, TE IDENTIFISEER OM SPOOKITEMS TE VOORKOM. ONS PROBEER ONS BES OM JULLE TE AKKOMMODEER MET PRODUKTE WAT NIE PRYSE OP HET NIE MAAR DIT WORD BEMOEILIK INDIEN DIE PRODUKBESKRYWING SLEGS LEES “ITEM” OF IETS DERGELIKS.

KOMMISSIE

- 18% van alle verkope word aan die kerk afgestaan
- Artikels moet dus so gemerk wees dat die 18% reeds ingesluit is. Dit is ook die bedrag wat op die voorraadlys ingevul word
- Rond asseblief die verkoopprys af tot die naaste R1
- Neem asseblief kennis dat die kommissie ook geld vir alle bestellings wat tydens die mark geplaas word. Eerlikheid word hoog op prys gestel. Ons versoek ernstig dat die pryse van goedere dieselfde gehou moet word, al bestel kliënte dit ná die mark sodat die publiek se vertroue nie geskend word nie
- LET ASB DAAROP DAT GEEN PRIVAAT TRANSAKSIES TOEGELAAT WORD NIE. ENIGE BESTELLINGS MOET DEUR DIE HERFSMARK GEDOEN WORD – SODRA BETALING VAN BESTELLINGS ONTVANG IS SAL DIE INLIGTING DEURGEGEE WORD NA DIE BETROKKE UITSTALLER.

TYDENS DIE MARK EN AANVUL VAN VOORRAAD

- Uitstallers moet verseker dat hulle genoeg voorraad vir die volle duur van die mark het. Uitstallers wat nie aan die vereiste voldoen nie, stel hulleself bloot om ‘n boete opgelê te word. Die boete behels 20% kommissie ipv die oorspronklike 18%
- Uitstallers sal telefonies in kennis gestel word indien voorraad aangevul moet word.
- Ekstra voorraad moet binne 24 uur, nadat ons die uitstaller gebel het, aangevul wees, anders sal ander top uitstallers se voorraad in die leë ruimte uitgepak word.
- Slegs persone met ‘n uitstallerskaartjie – wat met uitpakdag aan uitstallers gegee is – sal by die hek toegelaat word. Uitstallers moet asb ten alle tye hul naamkaartjies dra om sekuriteit te vergemaklik.
- Uitstallers mag geen items gedurende die mark van die uitstalling af verwyder nie.
- Pryse mag nie met ‘n pen verander word nie.

✓ ***ONTHOU!!! Slegs gekeurde en gemerkte artikels mag uitgepak word. Die Herfsmarkkomitee behou die reg voor om ongekeurde artikels van die tafels te verwyder.***

REKLAME/BEMARKING

- Goeie bemarking en reklame word gedoen wat oa insluit sosiale netwerke, e-pos, radio, tydskrifte, straatplakkate, asook ons Webblad.
- Ons sukses hang ook van jou aandeel af! Vertel vir almal van ons mark!

- Stuur asseblief e-posse wat betrekking het op die bemarking van die Hartbeespoort Herfsmark aan al die persone in jou kontaklys
- Enige verdere hulp of voorstelle m.b.t. bemarking sal waardeer word

SEKURITEIT

- Sekuriteit word gereël vanaf toemaaktyd saans tot oopmaaktyd soggens..
- Ons het ook 'n CCTV kamera geïnstalleer om te help met die sekuriteit.
- Uitstallers wat duursame juwele uitstal **MOET** die stalletjie ter wille van sekuriteit, ten **ALLE** tye self (of deur 'n verteenwoordiger) beman.
- Uitstallers van kosprodukte wat geproe kan word, word ook versoek om self hul stalletjies te beman
- Uitstallers moet die vrywaringklousule op die registrasievorm teken. Dit bly die uitstaller se verantwoordelikheid om te sorg dat die vrywaring geteken word
- **Die Gereformeerde Kerk Hartbeespoort en die Hartbeespoort Herfsmarkkomitee kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade of verliese wat uitstallers mag ly as gevolg van diefstal, die elemente, kragonderbrekings, of wat ookal nie**

SENTRALE BETAALPUNT

- Alle aankope word by 'n sentrale betaalpunt betaal en uitstallers ontvang dus self geen geld nie
- Die publiek kan per kredietkaart, debietkaart of kontant betaal

DAAGLIKSE VERKOPE

- Uitstallers sal elke oggend per SMS of e-pos in kennis gestel word wat hulle totale verkope tot op datum is.

UITBETALING

- Die geld behoort teen **31 Mei 2024** direk in uitstallers se bankrekeninge inbetaal te wees
- Dit bly uitsluitlik die uitstaller se verantwoordelikheid om toe te sien dat ons die volledige en korrekte bankbesonderhede het. **Voltooi dit asseblief dus duidelik, korrek en volledig**
- Geen navrae oor uitbetalings sal voor **20 Mei 2024** hanteer kan word nie. Uitstallers se begrip in hierdie verband word waardeer.

OPPAK

- Die mark eindig **Woensdag 1 Mei 2024 om 15h00** waarna die besoekers wat nog in die kompleks is, kans sal kry om hulle verkope af te handel
- Uitstallers of verteenwoordiger, moet om 15h00 vir ± 30 min in die kerkgebou wees vir die amptelike afsluiting, waarna daar eers opgepak kan word
- Geen persone word gedurende hierdie tyd by die stalletjies toegelaat nie
- Uitstallers mag alleenlik begin opruim na afloop van die amptelike afsluiting
- **Uitstallers het tyd tot 18h00 om die stalletjies te ontruim, waarna die saal gesluit word, en dié uitstallers wat teen 18h00 nog nie opgepak het nie, kan dan Woensdag 2 Mei kom oppak. Neem asb kennis dat daar geen sekuriteit na 13h00 sal wees nie.**
- Uitstallers moet 'n draai maak by die tafel met verlore goedere om verlore of beskadigde items te kry.
- Verlore items van ander uitstallers wat op jou tafel gevind word, kan ook daar geplaas word

POPIA

Besoek asb ons webwerf vir ons Privaatheidsbeleid.

Herfsmarkgroete